0
Maart 2011 No 33

# Koejawel Nuus

## Koejawel Produsente Vereniging
## Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
**PAARL 7646**
Posbus 426 P O Box
**PAARL 7620**

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: **www.guavaproducers.co.za**

**Redakteur/ Editor** W**iehahn Victor**

# Inhoudsopgawe / Index

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Inhoudsopgawe | 1 |
| 2. | Uitnodiging na Algemene Jaarvergadering & Inligtingsdag | 2 |
| 3. | Bedryfsaangeleenthede | 3 |
| 4. | Mededingings Kommissie Klagte | 4 |
| 5. | Nominasie van Bestuurslede | 5 |
| 6. | Sakelys | 6 |
| 7. | Notule van vorige Algemene Jaarvergadering | 7 – 11 |
| 8, | Webwerf | 11 |

9. Roetekaart 12

# UITNODIGING

U word hartlik uitgenooi na die

## ALGEMENE JAARVERGADERING & INLIGTINGSDAG

van die

## *Koejawel Produsente Vereniging*

| | | |
|---|---|---|
| DATUM | : | **Maandag 11 April 2011** |
| TYD | : | 17:00 |
| PLEK | : | Klein Dakenstein Laerskool<br>Paarl |
| ETE | : | Vingerete na afloop van die vergadering |
| RSVP | : | Vòòr Woendsdag 6 April 2011<br>(Telefoon : [021] 8721501 |

***SAKELYS, NOTULE & ROETEKAART***

Op bladsy 7 tot 12

# BEDRYFSAANGELEENTHEDE

## GENERIESE PROMOSIE

Gedurende 2010 is voortgebou op die vorige twee jaar se suksessse met die generiese promosie van koejawels. Die Vereniging het weereens van Lethu Marketing se dienste gebruik gemaak om die promosie te doen.

Die hoofdoel van die promosie was om voort te bou op die fondasie wat reeds gelê is, maar om spesifiek voordeel te probeer trek uit die Wêreld Sokker beker in Suid-Afrika. Vir dié doel is op hotelle, gastehuise en restaurante gefokus met promosie materiaal.

Volledige verslag van 2010 se promosie asook 2011 se beplanning, sal gedurende die Algemene Jaarvergaering gedoen word. Die Webwerf van die Vereniging is ook opgegradeer en in Afrikaans bereikbaar.

## SPUITSTOF ONTLEDINGS

Die Vereniging wil produsente weereens herinner dat monsters vir chemiese spuitstof ontleding getrek sal word in die komende seisoen. Alle lewerings van koejawels sal hieraan onderhewig wees en u ernstige aandag aan die saak is nodig.
Die bedryf gaan ook weer hierdie jaar vir swaar metale ontledings laat doen.

## LEDEHEFFINGS

Produsente met uitstaande ledegelde vir 2010 vir koejawels wat vars bemark is, moet dit asseblief tydens die Algemene jaarvergadering oorbetaal of in die Vereniging se rekening inbetaal.
Ledeheffings beloop R4-00 per ton koejawels verkoop in die varsmark.

***ABSA Bank, Paarl, Rekening no. 400 159 459.***

***U ondersteuning vir u Vereniging word waardeer.***

# MEDEDINGINGS KOMMISSIE KLAGTE

Die Mededingings Kommissie het die klagte gelê deur Breede Valley Fruit Processors teen Boland Pulp en die Koejawel Produsente Verenging na die Mededings Tribunaal verwys vir uitspraak. Die klagte handel oor beweerde prysbinding tussen Boland Pulp en die Koejawel Produsente Vereniging.

In sy ondersoek van die klagte deur Breede Valley Processors het die Mededings Kommissie tot die slotsom gekom dat daar moontlike oortreding van Seksie 4 (1) (b) van die Mededingingswet 89 van 1998 kan wees. Intussen is die Vereniging besig om regsadvies in te win oor die aangeleentheid.

# IN MEMORIAM
# CORNEL GROBBELAAR

Oom Cornel Grobbelaar van die plaas Modderkloof is op 29 Januarie 2011 in die ouderdom van 80 jaar oorlede.

Hy het met trots gesê : "Ek ken die koejawel" en dit is nie verniet dat hy die "Koejawel koning" genoem is nie.

Die Koejawelbedryf eer sy nagedagtenis met opregte waardering.

Sterkte en vertroosting word die familie toegebid.

# NOMINASIES VAN BESTUURSLEDE

Elke lid van die Koejawel Produsente Vereniging het reg tot nominasie van Bestuurslede. Vir die doel word ‘n aparte nominasie vorm hiermee aangeheg.

Tans word die onderskeie streke deur een persoon elk verteenwoordig. ‘n Verdere aantal persone, tans twee, word deur die Algemene Jaarvergadering verkies om koejawels in die algemeen te verteenwoordig. Volgens die Grondwet van die Vereniging kan ‘n maksimum van drie persone as verkose Bestuurslede verkies word.

Die Bestuur het dan die verdere reg tot koöptasie van twee lede.

Nominasie vorms moet behoorlik deur twee persone onderteken word. Gebruik u demokratiese reg!

***Skriftelike getekende nominasies vir die bestuur kan gedoen word en moet die kantoor van die Vereniging voor die vergadering bereik.***

# ALGEMENE JAARVERGADERING OP **MAANDAG 11 APRIL 2011** OM **17:00** TE **KLEIN DRAKENSTEIN LAERSKOOL, PAARL**

# SAKELYS

1. Opening
2. Verwelkoming
3. Teenwoordigheid & Verskonings
4. Verklaring in terme van die Mededingingswet
5. Notule van vorige Algemene Jaarvergadering gehou op 12 April 2010
6. Sake uit Notule
7. Finansiële Verslag - Mnr Wiehahn Victor
8. Generiese Promosie Verslag - Mnr Wiehahn Victor
9. Voorsittersverslag - Mnr Dos Joubert
10. Bespreking van Bedryfsaangeleenthede
11. Verkiesing van Bestuurslede
12. Algemeen

A J Joubert
**VOORSITTER**

# NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 12 APRIL 2010 OM 17:00 TE Kleinevalleij, WELLINGTON

## 1. OPENING & VERWELKOMING

Die Voorsitter, mnr D Joubert heet almal welkom. Mnr. W Grobbelaar open die vergadering met gebed.

## 3. TEENWOORDIGHEID & VERSKONINGS

Die vergadering word deur 47 persone bygewoon.

VERSKONINGS

Daan Viljoen
Billy Robertson
Retief Joubert

## 4. NOTULE VAN VORIGE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op
20 April 2009 is aan die produsente versprei en word as gelese aanvaar. Mnr W Grobbelaar stel voor dat die notule korrek is, dit word gesekondeer. Die notule word goedgekeur en onderteken.

## 5. SAKE UIT NOTULE

Geen sake uit die notule vir bespreking.

## 6. FINANSIëLE VERSLAG

### 6.1 GEOUDITEURDE STATE SOOS OP 28 FEBRUARIE 2010

Mnr Wiehahn Victor bespreek die geouditeurde state.

Die volgende bedrae is uitgelig :

| | |
|---|---|
| Vrywillige heffings | R 145 336 |
| Rente | R 22 483 |
| Bedryfsuitgawes | R 242 413 |
| Netto Surplus(-tekort) | (- R 74 594) |
| Balanstaat Saldo | R 349 489 |

Die geouditeurde state word goedgekeur en onderteken.

6.2 OUDITEURE

Die ouditeure Broodryk De Villiers van Wellington word weer goedgekeur vir die volgende jaar.

Daar is ‘n voorstel en ‘n sekondant vir die besluit.

6.3 HEFFINGS

Heffings vir die volgende seisoen is dieselfde as die vorige jaar nl.

| | |
|---|---|
| R4-00 | per ton van die produsent |
| R4-00 | per ton van die verwerkers |
| R4-00 | per ton vir vars verkope |

## 7. **GENERIESE PROMOSIE VERSLAG**

Die Bestuurder, mnr Victor doen verslag oor die Generiese Promosie wat die afgelope jaar gedoen is. Lethu Marketing is weer vir die doel gebruik.

Die volgende aspekte van koejawels is in die promosie beklemtoon:

1. Om die gebruikswaarde te promoveer
2. Gesondheidswaarde
3. Fokus op kinders
4. Besigheidswêreld : Ekonomiese waarde

Die goeie boodskap van die koejawel is in 39 tydskrifte, nuusbriewe, koerante, radio en tv uitgedra.

Die Vereniging het R125 000 aan promosie spandeer waarvan die Departement Handel en Nywerheid 80% bygedra het en die Vereniging 20% (R25 000).

Die advertensiewaarde van die promosie-veldtog word op R1,7 miljoen beraam, terwyl die dekkingswaarde op R6,8 miljoen gereken word. Daar is 23 miljoen mense met die boodskap van die koejawel bereik.

By die volgende skoue oorsee is koejawels uitgestal :
Indië ; China ; Anuga (Duitsland)

Verder is die webwerf van die Vereniging opgegradeer om meer verbruiksvriendelik te wees en koejawels te promoveer.

Vir die nuwe seisoen verskuif die fokus van die pers na die verbruiker.

## 8. **VOORSITTERSVERSLAG**

Die Voorsitter, mnr D Joubert lewer 'n baie insigewende Voorsittersverslag. Hierdie verslag is by die kantoor ter insae beskikbaar. (Dokument 3/2010).
Die volgende word onder andere gerapporteer :

Die 2009-Oes
18 400 ton koejawels is verwerk.
± 6 000 ton is vars verkoop.
24 400 ton in totaal

Gegewe die marktoestande van vraag en aanbod, behoort daar dieselfde pryse as in 2009 betaal te word vir koejawels.

Die produsente word aangeraai om self te onderhandel vir koejawelpryse en volumes met hul onderskeie verwerkers.

Mnr P Malherbe bedank die Voorsitter, Bestuurder en Sekretaresse vir goeie diens gelewer.

9. **BESPREKING VAN BEDRYFSAANGELEENTHEDE**

Die Voorsitter rapporteer dat die oes wat verwag word min of meer dieselfde as die vorige seisoen sal wees behalwe Klein Brakrivier waar daar ten minste 'n 40% afname sal wees as gevolg van die droogte. Die onderskeie produksie areas het verskillende klimaatstoetande ondervind en dit sal 'n invloed op die tonnemaat van die kommende seisoen hê.

Die markplek is baie stram. Die wisselkoers het 'n baie groot invloed op die verkope oorsee. Die nagevolge van die wêreldwye ekonomiese krisis word steeds in Suid-Afrika en internasionaal ondervind.

Uit bronne word verneem dat voorraad vlakke van ingemaakte koejawels, sowel as koejawel puree, steeds hoog is. Die hoë voorraad vlakke gaan heel waarskynlik 'n invloed op die vraag na koejawels vir verwerking hê. Dit is nog baie vroeg om 'n akkurate berekening van die grootte van die koejawel-oes op hierdie stadium te maak.

Die vraag na goeie kwaliteit koejawels vir die varsmark bly steeds goed. Koejawels ding mee vir die verbruiker se Rand met ander vars vrugte wat in dieselfde tyd op die mark is. Produsente word aangemoedig om goeie kwaliteit koejawels vir die varsmark te lewer.

Vraag en aanbod sal die prys van koejawels bepaal vir die komende seisoen.

'n Baie goeie bespreking oor bedryfsaangeleenthede vind plaas.

10. **VERKIESING VAN DIE BESTUURSLEDE**

Die Bestuurder, W Victor, lig die vergadering in dat daar geen nuwe nominasies ontvang is nie.

Die volgende persone sal die streke verteenwoordig.

Die Bestuur van die Vereniging word as volg goedgekeur.

| 2 STREEK | LEDE | PERSONE |
|---|---|---|
| Porterville | 1 | C C van der Merwe |
| Paarl | 1 | A J Joubert |
| Wellington / Dal Josafat | 1 | G R Joubert |
| Kraaifontein / Stellenbosch | 1 | J J P Uys |
| Mosselbaai | 1 | Billy Robertson |
| Addisionele Bestuurslede | | Willie Visagie<br>P J Malherbe |

11. **ALGEMEEN**

10.1 BORGE

Wellington Fruit Processors word bedank vir die donasie van R3000 vir die huur van die saal.

Die Voorsitter bedank almal wat teenwoordig is.
Die vergadering verdaag om 18:10.

_____ _____

VOORSITTER DATUM

**Besoek ons Webwerf**

www.guavaproducers.co.za

*Ons webwerf is ook nou is Afrikaans beskikbaar*

**Skryf vir ons 'n briefie**

victor@guavas.co.za

# PAARL



NORTH
BERNHEIM
To Malmesbury
R45
AFRICAN TERROIR
DAVID FROST
VOOR-PAARDEBERG TASTING CENTRE
NELSON'S CREEK
NEW BEGINNINGS
To Wellington
FLORIDA FARM STALL
Main Street
Church Street
Distillery
Champagne
Wellington Golf Club
WELLINGTON
ANTONIESVLE
Driving Range
Mayerskraal
R44
R303
R301
PERDEBERG
WR8
UNDER OAKS
Die Vonds Snake Centre
DIEMERSFONTEIN
Fynbosritte
WR9
RIDGEBACK
VEENWOUDEN
WINDMEUL
Bird Sanctuary
Ikhwezi
MOOIBLY
DOMAINE BRAHMS
RHEBOKSKLOOF
R45
BOLAND PAARL-NORTH
CROW'S NEST
RED STAR FARM STALL
Huguenot Gedenkskool
LE JOUBERT
BOLAND DAL JOSAFAT
Drakenstein Olives
Swawelstert
Cape Olive
R312
GALLOP HILL
Jan Phillips Mountain Drive
Main Street
Optenhorst
Jan van Riebeeck
Meaker
ASHANTI
To Durbanville
Afrikaans Language Monument
BLACK PEARL
NEDERBURG
OLSEN WINES
Berg River Boulevard
Klein Drakenstein
Keerweder
Lady Grey
MELLASAT
RUITERSVLEI
T3
Market
Langenhoven
Exit 62
LANDSKROON
KLEIN PARYS
TOLL PLAZA
MASON'S WINERY
JUNO
AMBERG ALM
DIE OSSEWA
PRIMI PIATTI
SEIDELBERG
DE LEUWEN JAGT
LABORIE
Kohler
KWV Cellar
Exit 59
VENDÔME
AVONDALE
FAIRVIEW
Paarl Mall
Exit 57
COLERAINE
R44
Paarl & Boschenmeer Golf Estate
ZANDWIJK
Exit 55
Golf Driving Range
WR3
DE VILLIERS
WELGELEË
BERG RIVER RESORT
R101
LINDHORST
Exit 47
WELGEMEEND
N1
SIMONSVLEI
Drakenstein Lion Park
Winelands Hotel
Wilderers
Butterfly World
VAL DE VIE
Sabrage
FREEDOM HILL
R303
R301
WR1
R44
Le Bonheur Crocodile Farm
R45
Cotage Fromage
ape Town
R101
ANURA
GLEN CARLOU
NEIL JOUBERT
BACKSBERG
ZIGGURAT
NOBLE HILL
DRAKENSIG
Watergat
Pearl Valley Golf Estate
Mount Vernon
Giraffe House
Avondvrede
RUPERT & ROTHSCHILD
VREDE EN LUST
Bien Donne
Drakenstein Prison
Madiba House Statue
To Stellenbosch
Mont Destin
Marianne
OLIVELLO
To Stellenbosch
R310
To Franschhoek
Tel:
Fax:
Email:
Website:
RESTAURANTS
ATTRACTIONS
CELLARS OPE
BRANDY CELL